MEDIA RELEASE
BY CHRISTIAN DEMOCRATIC ALLIANCE (CDA)

23 May 2010

Die Here mag nie 'n goedkoop politieke foefie word nie, mnr. die President

"Die Christen-Demokratiese Alliansie (CDA) neem kennis van die reaksie op pres. Jacob Zuma se onlangse stelling dat die ANC anders is omdat God van die begin af by die stigting teenwoordig was. Ons herhaal ons standpunt nadat soortgelyke stellings gemaak is soos dat Zuma gevolg moet word soos die mense Jesus gevolg het: Die mens, insluitend Christene, is God se instrumente – nie God die mens of party se instrument nie," sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP) en waarnemende voorsitter van die CDA. "God is geen goedkoop politieke foefie nie.

"Ons glo voorts dat Christenskap in die mens, en sy party, se handel en wandel moet neerslag vind. Met die ANC wat onder meer skop teen 'n verbod op die sing van die liedjie, Skiet die Boere, is die ANC, tesame met sy kommunisitiese alliansievennoot, nie juis 'n voorbeeld van Christelike voorbeeldigheid nie. Die uitdeel van kondome ter bekamping van Vigs eerder as morele herstel laat ook vrae ontstaan.

"Ons het pres. Zuma tevore gevra vir 'n openbare debat oor godsdiens in die politiek, en ons doen dit weer."

The Lord should not be used as a cheap political gimmick, Mr. President

"The Christian Democratic Alliance (CDA) notes the reaction to Pres. Jacob Zuma's recent statement that the Lord was present from the formation of the ANC. We repeat our earlier statement when similar remarks were made such as that the people should follow Zuma as they followed Jesus: Man, including Christians, are instruments in the hands of the Lord. God is not to be used as a tool of man or of a party," says Rev. Theunis Botha, leader of the Christian Democratic party and acting chair of the CDA. "God is no cheap political gimmick.

"We further believe that Christianity will be evident in the life of a man and his party in the way they live and operate. With the ANC protesting a ban on the singing of the song, 'Shoot the Boers', they and their communist ally are not prime examples of Christianity. Dishing out condoms in the fight against Aids rather than restoring morality also raises questions.

"We have in the past requested a public debate with Pres. Zuma on the matter of religion in politics and we repeat this now."